higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N870**(A)**(N21)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN VEILIGHEID N4

(8060094)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
SANITASIE EN VEILIGHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoord op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Protolitiese organismes breek af tot ...

A suiker
B vet
C proteïen
D koolhidrate

1.2 Wat is die hooftipe makro-organisme verantwoordelik vir voedselvergiftiging?

A Bakterieë
B Virusse
C Muf
D Parasiete

1.3 Watter van die volgende kan veroorsaak dat kos besmet word as gevolg van fisiese gevare van voedselhanteerders?

A Juweliersware
B Stof
C Knaagdiere se mis
D Verkeerd verdunde chemikalieë

1.4 Watter van die volgende stellings is waar oor termometers en hulle kalibrering?

A 'n Termometer moet altyd beskikbaar wees in 'n voedseldiens-onderneming.
B 'n Termometer moet gereeld nagegaan word om seker te maak dit is akkuraat.
C 'n Termometer moet tot 1 °C akkuraat wees.
D Al die bogenoemde.

1.5 Teen watter temperatuur moet borde afgespoel word?

A 60 °C
B 75 °C
C 83 °C
D 89 °C

Kopiereg voorbehou

1.6 Sanitasie …

A is om skoonmaakmiddel op 'n skoon oppervlak aan te wend.
B word gedoen vóór was.
C is die vermindering van bakterieë deur hitte of chemikalieë aan te wend.
D is om alle oppervlakke met 'n skoon lap af te vee.

1.7 Kruisbesmetting van kos vind plaas wanneer ...

A toerusting en bankie skoongemaak en ontsmet word.
B kos in voedselgraad houers gebêre word.
C hande gewas word vóór kos hanteer word.
D handskoene wat vir voedselhantering gebruik word om geld te hanteer.

1.8 Watter voorbeelde is die beste om te gebruik wanneer hande gewas word:

A Sing Twinkle, Twinkle Little Star en gebruik koue water.
B Kry 'n papierhanddoek, gebruik warm seepwater, sing Veels geluk, liewe maatjie vir jouself, droog jou hande met die papierhanddoek af en gooi dit weg.
C Gebruik warm water, sing Veels geluk liewe maatjie en kry papierhanddoek om jou hande af te droog.
D Gebruik 'n hand-ontsmetter.

1.9 As gekookte bredie of ander kos met vleis, hoender of vis oorbly, moet dit …

A tot kamertemperatuur afkoel en dan in die yskas gesit word.
B dadelik in die yskas gesit word nadat die kos voorgesit is.
C oornag teen kamertemperatuur gelos word.
D dadelik gevries word.

1.10 Brandblussers moet ... gediens word.

A jaarliks
B elke ses maande
C maandeliks
D elke twee jaar

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die doel van ’n skoonmaakmiddel, wat 'n chemiese produk is, is om bakterieë dood te maak.

2.2 'n Voedselveiligheidsprogram is 'n skriftelike dokument van die personeelrooster aandui.

2.3 Bevrore kos bevat nie bakterieë nie.

2.4 Rou kos moet op die hoër rakke in die kombuis se yskas gestoor word.

2.5 'n Bain-marie moet gebruik word om warm kos warm te hou.

2.6 As potensieel gevaarlike kos vertoon of warm verkoop word, moet dit teen 'n temperatuur van 30 °C of hoër gehou word.

2.7 Gebruik dieselfde doek om werkstasies, eetgerei en breekgoed af te vee.

2.8 Die temperatuur in 'n droë stoor moet tussen 11 ºC en 18 ºC wees.

2.9 'n Mens kan op koue temperature staat maak om baie bakterieë te vernietig.

2.10 Kos moet binne 2 uur van 21 ºC tot 5 ºC afgekoel word.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Identifiseer die volgende plae en stel maniere voor hoe hulle doodgemaak kan word:

3.1



3.2



3.3



3.4



3.5



(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

Bestudeer FIGUUR 1 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 1

4.1 Volgens die foto hierbo is dit duidelik dat alle sjefs die regte klerasie moet aanhê.

Bespreek VYF klere-items wat gedra moet word en die rede waarom dit op daardie manier ontwerp is. (10)

4.2 Definieer die term *higiëne.* (2)

Bestudeer FIGUUR 2 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

4.3 Daar is sekere reëls aangaande haarversoring. Die sjef op die foto volg duidelik nie daardie reëls nie.

Verduidelik VYF haarversorgingsreëls. (5)

4.4 Verduidelik hoe 'n toesighouer die uitbraak van aansteeklike siektes en voedselvergiftiging kan verhoed. (5)

4.5 Noem die TWEE basiese reëls aangaande temperatuurbeheer. (2)

4.6 Noem VYF mikroörganismes wat kos kan laat bederf. (5)

4.7 Noem VYF faktore wat die groei van mikroörganismes beïnvloed. (5)

4.8 Bespreek kortliks die volgende drie mikroörganismes:

4.8.1 Protosoa

4.8.2 Alge

4.8.3 Virusse

(3 × 3) (9)

4.9 Onderskei tussen *ligte voedselvergiftiging* en *meer ernstige voedsel-vergiftiging* deur die simptome van elk te noem. (7)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende artikel oor 'Mense met MIV' en beantwoord die vrae.

Januarie 2016: Die lewe is wonderlik! Ek is sewe en twintig en my hele lewe lê voor my. Ek het 'n nuwe werk begin. Het my eie huis. Ek is betrokke by baie gemeenskapsprojekte.
Maart 2016: Ek het n hardnekkige verkoue wat my nou al 2–3 weke uit die werk hou.Mei 2016: Ek het weer verkoue, maar braak ook en het 'n vreemde veluitslag. Die dokters dink dis 'n virus. Sy doen toetse wat alles negatief is. Die dokter wil 'n MIV-toets doen!
Die dokter het my gevra of ek al ooit aan MIV blootgestel is. Nee, ek is tans in my tweede seksuele verhouding; ons gebruik beskerming en toe ons opgehou het, het ek geen SOI gehad nie en hy het my verseker hy ook. Die eerste toets was 'onbepalend' en die dokter het weer die toets gedoen. 'n Week later het die dokter gebel en vir my gesê om dadelik na haar spreekkamer toe te kom. Een lewensveranderende sin: 'Ek weet nie hoe om dit vir jou te sê nie, maar die toets is positief.' Ek was geskok. Ek kan nie aan enigiets anders dink nie as: 'Ek gaan sterf'. Ek wou nie die dokter glo toe sy sê ek gaan oukei wees nie. Hoe kon dit gebeur het? Toe besef ek skielik. Ek het die foon gegryp, my maat gebel en vir hom gesê wat gebeur het. Hy is uit die veld geslaan en weet nie wat om te sê nie. Ek het alle kontak verbreek. Te veel wantroue. Ek besoek my familie en vertel hulle tussen snikke deur wat gebeur het. Hulle was ontsteld en geskok, maar het my vasgehou terwyl ek gehuil het. Twee jaar later, en my lewe en houding is baie anders. Ja, ek het slegte tye beleef en gesukkel om vrede te maak met MIV. Ek het gerou vir my ou lewe en self. Ek het skuldig en kwaad gevoel en gevoel dat ek gekul is. Wat hou die toekoms vir my in? Wie sal my nou wil hê – nou dat ek MIV-positief is? Terwyl ek nog nie behandeling kry nie; spook die gedagte by my dat my immuunstelsel een dag te swak sal wees om die virus te beveg. Soms voel dit soos 'n swaard wat oor my kop hang. Maar ek het krag ontvang en deur die ondersteuning wat ek gekry het, my selfvertroue en selfwaarde herwin.
Ek weet nou dat ek nie gaan sterf nie en dat ek eintlik gesond is. Ek is sterker, het meer selfvertroue en het nuwe lewenslus. Ek het van werk verander en werk nou in die MIV-sektor. Dit het my gehelp met my MIV-positiewe status en 'n manier geword waarop ek iets kan teruggee en ander kan help. Die belangrikste is egter dat ek 'n nuwe lewensmaat het. Hy is 'n wonderlik ondersteunende man wat my aanvaar vir wie ek is, is onvoorwaardelik lief vir my en ondersteun alles wat ek doen. Hy is MIV-negatief. Ek is gelukkig. My familie en vriende is baie ondersteunend. Baie ander MIV-positiewe mense kan nie dieselfde sê nie. Terwyl daar al baie verbeterings in die sienings oor, en ondersteuning vir MIV-positiewe mense is, word ek steeds geskok deur die gebrek aan kennis en bewustheid oor MIV en SOIs en sekere dele van die gemeenskap. Daar is nog baie werk wat gedoen moet word. Ek wil hê ander mense moet my storie hoor sodat hulle daaroor kan nadink en ingeligte besluit oor hulle seksuele gesondheid kan neem. Ek wil hê my storie moet diskriminasie en stigma wat MIV-positiewe mense teëkom, help verminder. En ek wil ander jong positiewe vrouens moet weet dat hulle nie alleen is nie. Ja, MIV is lewensveranderend en dit diskrimineer nie. Maar dit is ook beheerbaar, en mees belangrik, vermybaar. Wees ingelig oor jou seksuele gesondheid en dié van jou maat, omdat beskerming eintlik almal se verantwoordelikheid is.

5.1.1 Definieer die term *VIGS.* (4)

5.1.2 Die meeste mense is bewus van die manier waarop jy VIGS kan kry, maar nie van die dinge wat jou nie VIGS kan gee nie.

Noem VYF maniere waarop jy NIE VIGS sal opdoen nie. (5)

5.1.3 Jy is bewus van 'n vriend of 'n kollega wat MIV-positief kan wees.

Noem VIER maniere waarop jy hom/haar sal kan help. (4)

5.2 Dagga word deur baie mense misbruik.

Noem VYF langtermyn uitwerkings van daggagebruik. (5)

5.3 Alkohol moet vermy word tydens swangerskap en laktasie (borsvoeding).

Noem VYF uitwerkings wat alkohol op 'n ongebore baba kan hê. (5)

5.4 Definieer die term *tuberkulose.* (2)

5.5 Verduidelik AGT simptome van tuberkulose. (8)

5.6 Noem DRIE verskillende tipes dwelmmiddels. (3)

5.7 Noem TWEE areas waar mikroörganismes gewoonlik voorkom. (2)

5.8 Bespreek VIER oogmerke van 'n noodplan. (4)

5.9 Aan watter VYF veiligheidsmaatreëls moet voldoen word wanneer messe hanteer word? (5)

5.10 Noem DRIE redes waarom ongelukke in die werkplek voorkom. (3)
[50]

VRAAG 6

6.1 Bespreek AGT prosedures om te volg wanneer 'n ongeluk in die werkplek plaasvind. (8)

6.2 Noem AGT veiligheidsprosedures om na te kom wanneer elektriese toestelle en masjinerie hanteer word. (8)

6.3 Definieer die volgende terminologie:

6.3.1 Skoonmaakmiddel

6.3.2 Ontsmetmiddel

6.3.3 Sanitasie

6.3.4 Sterilisator

(4 × 2) (8)

6.4 Noem VIER eienskappe wat 'n ontsmetmiddel moet hê. (4)

6.5 Noem en bespreek kortliks DRIE maniere om seker te maak dat 'n oppervlak skoon is. (6)

6.6 Vul die volgende tabel is deur te verduidelik hoe elke item/area in die kombuis skoongemaak word.

ITEM	SKOONMAAKMETODE		FREKWENSIE	
Vloere	6.6.1	(3)	6.6.2	(1)
Toerusting	6.6.3	(3)	6.6.4	(1)
Werkoppervlakke	6.6.5	(3)	6.6.6	(1)

(12)

6.7 Noem VIER kositems waar gis gebruik word. (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou